# GELDSAKE

## Deel 1 – Koninkryk Beginsels

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**As jy terugkyk na hoe jy groot geword het, hoe is daar oor finansies in jou huis gedink of gepraat? Watter besluite het jy geneem oor jou eie finansies as gevolg daarvan?**

**Hoekom dink jy is dit baie keer moeilik vir Christene om oor finansies te gesels? Hoekom dink jy vind mense dit moeilik as daar oor finansies in kerk gesels word? Watter gevoelens skep dit by jou?**

**Wat is jou verwagting van hierdie nuwe reeks?**

**Op watter maniere het jy al gesien hoe mense dit wat God aan hulle toevertrou het, verkwis – finansies, talente en gawes, geleenthede en invloed? Hoe blameer hulle dan ander mense?**

**Hoe dink jy oor die stelling dat ons hantering van finansies 'n geestelike dissipline is? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**1 Kronieke 29:12-14. Van wie verduidelik Dawid kom die offers wat hulle gebring het vir die bou van die tempel? Wie skenk rykdom en eer en die vermoë om dit te genereer?**

**Jakobus 1:17 en 1 Timoteus 6:17. Wie skenk aan ons dinge in hierdie lewe om te geniet volgens hierdie twee verse?**

**Hoekom dink jy is dit vir ons moeilik om te aanvaar dat alles wat ons het aan God behoort?**

**Lukas 6:9-13. Waarvoor moet ons geld aanwend volgens hierdie gedeelte? Wat spreek tot jou uit hierdie woorde van Jesus?**

**Spreuke 3:5-6. Hoe dink jy kan jy "God ken" in jou finansies en geldsake? Waar, in jou finansies, dink jy maak jy op jou eie insigte staat? Hoe kan jy dit verander?**

**Matteus 25:25. Vrees het gekeer dat die derde slaaf gedoen het wat hy moes met dit wat aan Hom gegee is. Watter vrese in jou lewe is geneig om jou gawes en talente en invloed te begrawe? Hoe kan ons in geloof teen daardie vrese beweeg?**

**In die preek is 5 beginsels of waarhede uitgewys uit die gelykenis van die muntstukke (Mat 25). Watter van hierdie 5 beginsels het tot jou gespreek of was 'n goeie herinnering gewees om te hoor? Verduidelik jou antwoord.**

**Skryf 'n gebed neer oor jou GELDSAKE. Vra die Here om jou te wys wat Hy wil hê jy moet doen. Vra die Here wat dit is wat jy moet doen om Hom in *alles* te eer.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**